KERSFEES

Versprei die wondergeur van Kersfees

Hulpmiddels:

- Genoeg afdrukke van die “Kersfees kaktus” plantjie met storie agter op
- Kersfees kaktus plantjie afdruk op karton
- Toutjies
- Tandestokkies of kort sosatie stokkies
- Houertjies vir jou plantjies
- Grond om plantjies in te plant
- Gom
- Skêre
- Steggies van die Kersfees kaktus (Schlumbergera) plantjie of enige plantjie van jou keuse
- ‘n Paar items wat kinders deur hul reuk sintuig kan identifiseer

Welkom

Sensoriese reuk speletjie: Blinddoek die kinders en laat hulle in ‘n kring sit. Neem een item op ‘n slag en laat hulle dit omstuur of die groepleier kan met dit omstap. Die kinders moet daaraan ruik en raai wat hulle dink dit is.

Wyding

Temalied: Enige Kersliedjies van jou keuse.

Woord

Daar is ‘n staaltjie van ‘n jong seun wat eendag vir God gevra het vir 'n teken van Kersfees as verligting van die erge hitte en humiditeit van die oerwoud. Toe hy die oggend van Kersfees uit sy hut kom, sien hy die hele oerwoud se kaktusse is in volle blom.

Ons vier Kersfees as een van die grootste gebeurtenisse in die geskiedenis. In hierdie baba wat ons vier, kry ons almal hoop. Die manier waarop Jesus gebore is, het vir ons kom wys wie ons God regtig is. God se krag word nie in die “fancy” plekke van wêreldse mag gevind nie, maar op nederige plekke, net soos die seun dit in die oerwoud vol blomkaktusse gevind het.

Wat beteken blomme in die Bybel?
Blomme simboliseer skoonheid, broosheid (dit beteken dat iets maklik kan seerkry) en liefde vir God, maar hulle verteenwoordig ook die val van die mensdom. Die skoonheid van 'n blom verlep en sterf uiteindelik.

Maar Jesus het gekom om vir ons die ewige liefde van God te wys. Hy is die plant en ons is die blomme.

Mag dié Kersfees ons ‘n paar nuwe lesse leer:

1. Wat wil ons gewoonlik vir Kersfees hê? (Geskenke)
2. Wat het God vir ons kom gee vir Kersfees? (Jesus)
3. Wat is die hoof doel van Jesus vir ons? (Die ewige lewe)
4. Hoe deel ons dit as geskenk met ander? (Deur soos Jesus te lewe)

Luister wat leer ons uit 2 Korintiërs 2:14-16
Maar aan God die dank! Hy voer ons altyd saam in sy triomftog omdat ons een is met Christus. Deur ons versprei Hy die kennis van Christus oral soos 'n aangename geur. Ons is die wierook wat deur Christus vir God gebrand word, waarvan die geur dié bereik wat gered word, sowel as dié wat verlore gaan. Vir dié wat verlore gaan, is dit 'n doodsreuk wat dood bring; vir dié wat gered word, is dit 'n lewensgeur wat lewe wek. En wie is tot sulke dinge in staat?

Ons leer dat mense maar ook soos die plantjie is wat maklik kan seerkry. Ons almal moet mekaar saggies hanteer.
As ons mooi na mekaar kyk, sal ons almal blom.
As ons ons worteltjies vasgrond in Jesus,
sal ons mooi blommetjies dra.
Wees altyd, soos Jesus, die blommetjie in iemand se lewe. Vir hierdie Kersfees plant ons ‘n plantjie vir iemand en herinner hulle daaraan.

Wees die lekker geur, wees tevrede met minder, wees sag en teer soos Jesus.

Blom soos Jesus, skiet wortels in Jesus.

Werskaf

Opsie 1: Plant steggies in goeie grond in enige potjies, dit kan selfs leë jogurt houertjies of blikkies wees. Om ‘n steggie te maak, knyp die Kersfees kaktussie net so onder die derde lit van die blare af. Neem kleiner afdrukke van die Kersfees kaktus prentjie, plak dit teen die storie kant van ‘n afdruk weerskante van ‘n stokkie en druk dit in die grond. Gee die plantjie gerus uit as ‘n geskenkie.

Opsie 2: Druk die prent van die Kersfees kaktus op karton af en druk die storie agterop. Laat kinders die prentjie mooi inkleur en ryg ‘n toutjie deur vir ‘n Kersversiering.